testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2019

## GRAAD 9

# EKONOMIESE EN BESTUURS-WETENSKAPPE

**TYD: 90 minute**

**PUNTE: 150**

**12 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

**TYD: 90 minute**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, AFDELINGB, AFDELING C EN AFDELING D en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV dokument.

**AFDELING A: ALLE ONDERWERPE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 1.1: | Meervoudigekeuse-vrae | (10) |
| VRAAG 1.2: | Waar of Onwaar | (10) |
| VRAAG 1.3: | Woordbank | (10) |
| VRAAG 1.4: | Pasitems | (10) |
| | | **[40]** |

**AFDELING B: DIE EKONOMIE**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | Ekonomiese stelsels | (15) |
| VRAAG 3: | Ekonomiese Kringloop (Diagram) | (15) |
| VRAAG 4: | Prysteorie (Grafiek) | (15) |
| | | **[45]** |

**AFDELING C: FINANSIËLE GELETTERDHEID**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | Joernale en Rekenkundige Vergelyking | (38) |
| VRAAG 6: | Algemene Grootboek | (6) |
| VRAAG 7: | Proefbalans | [6] |
| | | **[50]** |

**AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 8: | Sektore in die Ekonomie | (15) |
| | | **[15]** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND.
3. Kandidate moet hulle kennis, vaardighede en insig toepas wanneer hulle die vrae beantwoord.
4. Beantwoord al die vrae (Afdeling A – D) in die ANTWOORDBOEK wat voorsien is.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Die gebruik van nie-grafiese en nie-programmeerbare sakrekenaars is toelaatbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word verskaf as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die regte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.10) in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.

1.1.1 J & R Winkels verkoop denimbroeke wat hulle aangekoop het vir R600 elk. ŉ Winsopslag van 35% op kosprys word gehandhaaf. Bereken die verkoopsprys.

A R 450
B R 810
C R 959
D R1 210 (2)

1.1.2 ŉ Land se … … bepaal hoe die hulpbronne geallokeer word.

A globale ekonomie
B kapitale ekonomie
C ekonomiese stelsel
D gemengde ekonomie (2)

1.1.3 Koop skryfbehoeftes van DL Stationers en betaal per tjek, R250. Die transaksie word as volg opgeteken in die Algemene Grootboek.

A Dt Bank 250 ; Kt Skryfbehoeftes 250
B Dt Skryfbehoeftes 250 ; Kt Bank 250
C Dt Bank 250 ; Dt Skryfbehoeftes 250
D Dt Skryfbehoeftes 250 ; Kt Bank 250 (2)

1.1.4 Die besluit wat verbruikers maak oor watter produkte om te koop, is grootliks afhanklik van hulle … na goedere en dienste.

A vraag
B aanbod
C prys
D mode (2)

1.1.5 In die … sektor word koring gebruik om meel te maak en die meel word gebruik om goedere soos brood te produseer.

A primêre
B buitelandse
C sekondêre
D tersiêre (2)

**[10]**

1.2 **WAAR OF ONWAAR**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs "Waar" of "Onwaar" langs die die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 In die Kontantontvangstejoernaal, word bank gekrediteer terwyl alle ander transaksies gedebiteer word. (2)

1.2.2 Verbruikers is geregtig op goedere van aanvaarbare gehalte asook veilige produkte. (2)

1.2.3 In ŉ oop ekonomie is daar geen in- en uitvoere nie. (2)

1.2.4 ŉ Land se ekonomiese sektore beïnvloed die manier waarop die ekonomiese aktiwiteite georganiseer word, asook hoe besighede funksioneer. (2)

1.2.5 Sommige ondernemings het elemente eie aan al die sektore in die produksieproses. (2)

**[10]**

1.3 **WOORDBANK**

Voltooi die volgende stellings deur die regte woord te kies uit die woordbank. Skryf slegs die regte woord in die ANTWOORDBOEK langs die vraagnommer neer.

| **Nasionale Kredietwet, verkope, advertering, geskoolde, arbeid, inverse** |
|---|

1.3.1 Die … mark is waar die werkgewers en werknemers ontmoet. (2)

1.3.2 As daar geen … is nie, sal verbruikers se vraag na die produk kleiner wees. (2)

1.3.3 Die … verhoed besighede om te maklik krediet toe te staan aan kliënte wat later kan sukkel om dit terug te betaal. (2)

1.3.4 As ŉ onderneming goedere aan D.Josh op krediet verkoop, word debiteurekontrole gedebiteer en … gekrediteer. (2)

1.3.5 Die vervaardigings- en konstruksiebedryf mag … vakmanne vereis. (2)

**[10]**

1.4 **PASITEMS**

Pas die *beskrywing* in **Kolom B** by die *terme* in **Kolom A**. Skryf slegs die korrekte letter (A – F) langs die vraagnommer (1.4.1. – 1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Faktuur | A ŉ Lys met al die Algemene Grootboek rekeninge se saldo's en totale |
| 1.4.2 Faktormark | B Wanneer goedere op krediet verkoop word, word die oorspronklike dokument aan die kliënt oorhandig en die onderneming hou die duplikaat. |
| 1.4.3 Hulpbronne | C Alle ekonomiese besluite word geneem deur privaat individue. |
| 1.4.4 Proefbalans | D ŉ Plek waar die produksiefaktore gekoop en verkoop word |
| 1.4.5 Markekonomie | E Energie, water en rou materiale |
| | F ŉ Tabel wat die goedere en dienste aandui wat verbruikers bereid is om te koop teen verskillende pryse. |

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## DIE EKONOMIE

### VRAAG 2 – EKONOMIESE STELSELS

2.1 Definieer die term "ekonomiese probleem". (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande prentjies en identifiseer die ekonomiese stelsel wat deur prentjie 2.2.1 en prentjie 2.2.2 onderskeidelik voorgestel word.

2.2.1




[Bron: *www.flyloops.net*]

2.2.2



[Bron: *Qph.fs.quoracdn.net*]

(2 x 1) (2)

2.3 Noem EEN eienskap van ŉ markekonomie. (2)

2.4 Bespreek TWEE nadele van ŉ beplande ekonomie. (4)

2.5 Verduidelik hoekom gemengde ekonomieë ontstaan het. (2)

> "***Globalisering het gelei tot die ontstaan van ŉ globale ekonomie waar die verskillende lande se ekonomiese aktiwiteite mekaar affekteer."***


2.6 Bespreek EEN probleem wat geassosieer kan word met ŉ globale ekonomie. (2)

2.7 In ŉ beplande ekonomie neem die … volle verantwoordelikheid vir die oplossing van die ekonomiese probleem. (1)

**[15]**

## VRAAG 3 – EKONOMIESE KRINGLOOP

Bestudeer die volgende diagram voordat die vrae beantwoord word.




3.1 Identifiseer die ontbrekende inligting (A – E) uit die bostaande diagram. (6)

3.2 Verduidelik die vloei van **A** van besighede na huishoudings. (2)

3.3 Noem die VIER produksiefaktore. (4 x 1) (4)

3.4 Bespreek die rol van die regering in ŉ geslote ekonomie soos voorgestel in die bostaande ekonomiese kringloop. (2)

3.5 Huishoudings ontvang inkomste in die vorm van … (1)

**[15]**

**VRAAG 4 – PRYSTEORIE**

*Julie verkoop elke oggend pannekoeke by JK Laerskool. Sy verkoop ook 'n verskeidenheid warm drankies aan die leerders en onderwysers van die skool.*




[*Image source: i.pinimg.com*]

Bestudeer die volgende vraag- en aanbodskedule vir PANNEKOEKE en beantwoord die vrae wat volg.

**VRAAG- EN AANBODSKEDULE VAN PANNEKOEKE**

| PRYS (R) | HOEVEELHEID GEVRA | HOEVEELHEID AANGEBIED |
|---|---|---|
| 10 | 850 | 150 |
| 15 | 650 | 250 |
| 20 | 450 | 450 |
| 25 | 250 | 650 |

4.1 Maak gebruik van die bostaande skedule om 'n vraag- en aanbodkurwe op dieselfde assestelsel te teken en te benoem. (7)

4.2 Die punt waar die vraag- en aanbodkurwes ontmoet, staan bekend as die ... punt. (2)

4.3 Bepaal die prys en hoeveelheid by die punt wat in vraag 4.2 geïdentifiseer is. (2)

4.4 Bespreek die wet van aanbod. (2)

4.5 Bespreek EEN faktor wat die vraag na pannekoeke kan beïnvloed. (2)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 45**

## AFDELING C

## FINANSIËLE GELETTERDHEID

## VRAAG 5 – JOERNALE EN REKENKUNDIGE VERGELYKING

Jy word voorsien van transaksies uit die boeke van Sandy Juweliers vir Februarie 2019. Sandy Pam, die eienaar, verkoop goedere vir kontant en op krediet. Sy het ŉ **winsopslag van 60%** op die kosprys van goedere.

**VEREISTES:**

Gebruik die inligting wat verskaf is om die transaksie in die volgende joernale aan te teken.

5.1 Kontantontvangstejoernaal met ontledingskolomme vir Ontleding van Ontvangste; Bank; Verkope; Koste van Verkope; Debiteurekontrole en Diverse Rekeninge. (12)

5.2 Kontantbetalingsjoernaal met ontledingskolomme vir Bank; Handelsvoorraad, Toerusting en Diverse Rekeninge. (7)

5.3 Debiteurejoernaal met kolomme vir Verkope en Koste van Verkope. (6)

5.4 Debiteure-afslagjoernaal met kolomme vir Debiteure-afslag en Koste van Verkope. (6)

5.5 Dui die effek van traksaksie 24 aan op die rekenkundige vergelyking. (7)

**BELANGRIK: Moenie** die joernale aflsuit op 28 Februarie 2019 nie.

**TRANSAKSIES VIR FEBRUARIE 2019**

**FEB**

02 Verkoop 4 pare oorbelle en ŉ horlosie vir kontant en ontvang R13 280. (KW11)

04 Reik faktuur 61 uit aan D. Poole vir R9 400. Hy het 2 horlosies op sy rekening gekoop.

16 Reik tjek 101 vir R28 800 aan Cipro Juweliers as betaling vir die juwele wat by hulle aangekoop is.

21 D. Poole stuur 1 horlosie terug wat foutief is, R4 600. Reik kredietnota 2 uit.

24 Reik ŉ tjek uit aan Telkom vir R1 900 om die besigheid se telefoonrekening van R1 080 te betaal. Die oorblywende geld is vir die eienaar se huistelefoon.

27 Ontvang ŉ tjek van D. Poole ter vereffening van sy rekening tot op datum. Reik kwitansie no 83 uit.

Ontvang R6 200 van M. Saint, ŉ huurder, vir Maart se huurgeld.

**[38]**

**VRAAG 6 – ALGEMENE GROOTBOEK**

Jy word voorsien van die voltooide joernale van Silver Winkels vir Maart 2019.

**VEREISTES**:

6.1 Boek die voltooide joernale oor na die **Handelsvoorraadrekening** in die Algemene Grootboek.

6.2 Balanseer die rekening aan die einde van Maart 2019.

**Saldo op 1 Maart 2019 : R 29 860** **[6]**

**KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN SILVER WINKELS – MAART 2019** **KOJ 3**

| Dok Nr. | Dag | Besonderhede | Fol | Ontleding van Ontvangste | | Bank | | Verkope | | Koste van Verkope | | Diverse Rekeninge: Bedrag | | Diverse Rekeninge: Fol | Diverse Rekeninge: Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 39 860 | - | 21 530 | - | 17 221 | - | 18 330 | | | |
| | | | | | | B3 | | N1 | | N2/B5 | | | | | |

**KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN SILVER WINKELS – MAART 2019** **KBJ 3**

| Dok Nr. | Dag | Naam van Begunstigde | Fol | Bank | | Handelsvoorraad | | Lone | | Diverse Rekeninge: Bedrag | | Diverse Rekeninge: Fol | Diverse Rekeninge: Besonderhede |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 28 940 | - | 16 930 | - | 6 600 | - | 5 410 | - | | |
| | | | | B3 | | B5 | | N3 | | | | | |

## VRAAG 7 – ALGEMENE GROOTBOEK

Die boekhouer van Mzansi Handelaars het die volgende proefbalans voorberei maar nie al die inligting ingesluit uit die finansiële rekords vir April 2019 nie.

**VEREISTES:**

**Neem die volgende inligiting in ag en teken die ontbrekende inligting aan in die proefbalans.**

7.1 Die eienaar het sy kapitaalbydrae verhoog van R 100 000 na R 176 800.

**PROEFBALANS VAN MZANSI HANDELAARS OP 30 APRIL 2019**

| | Fol | Debiet | | Krediet | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Balansstaatrekeninge-afdeling** | | | | | |
| Kapitaal | | | | **?** | |
| Ontrekkings | | 18 990 | - | | |
| Bank | | 41 370 | - | | |
| Handelsvoorraad | | 32 440 | | | - |
| Debiteurekontrole | | 16 300 | - | | |
| **Nominalerekeninge-afdeling** | | | | | |
| Verkope | | | | **?** | |
| Koste van Verkope | | 46 800 | | | |
| Verpakkingsmateriaal | | 3 220 | | | |
| Huurinkomste | | | | 12 120 | |
| | | **?** | | **?** | |

**[6]**



**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D

## ENTREPRENEURSKAP

## VRAAG 8 – SEKTORE IN DIE EKONOMIE

Bestudeer die volgende prentjies en beantwoord die vrae wat volg:

| **Prentjie 1** | **Prentjie 2** | **Prentjie 3** |
|---|---|---|
|  *[Bron: www.minergy-news.com]* |  *[Bron:fooled-wpengine.netdna-ssl.com]* |  *[Bron: www. crestonebusinessgroup.com]* |

8.1 Identifiseer die sektore in prentjie 1 – 3 onderskeidelik. (3 x 1) (3)

8.2 Bespreek die rol van die tersiêre sektor. (2)

8.3 Noem TWEE tipes vlakke van vaardighede wat in die primêre sektor aangetref sal word. Verskaf EEN voorbeeld van elk. (2 x 2) (4)

8.4 Bespreek die interverwantskap tussen die drie sektore. (3 x 2) (6)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING D: 15**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**